

YOU AND YOUR **RIGHTS**

JY EN JOU REGTE

Kinder Ondersteuningstoelaag

Vanaf 1 Oktober 2018 is die Kinder Ondersteuningstoelaag **R410** per maand.

Om vir die toelaag te kwalifiseer moet 'n enkelouer of versorger minder as

R4 000 per maand verdien. 'n Getroude paar se gesamentlike inkomste moet R8 000 of minder per maand wees.

Die ouer of primêre versorger moet 'n **Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner of vlugteling wees.**

Kinders tussen **16 en 18 jaar wat huishoudings lei** KAN aansoek doen vir die ondersteuning met 'n toesigheoudende volwassene.

Indien jou toelaag goedgekeur word, kan jy aansoek doen vir tydelike hulp in die vorm van **Sosiale Verligting van Nood (SRD)** terwyl jy vir jou eerste betaling wag. Die SRD-geld sal van jou eerste toelaag afgetrek word.

Jy moet **dokumente** met jou saamneem – soos ID-dokumente vir jouself en jou kind en bewys van jou huwelikstatus. Maar indien jy dit nie het nie, KAN jy steeds aansoek doen met alternatiewe identifikasie.

Wanneer jy vir 'n Kinder Ondersteuningstoelaag aansoek doen, moet jy jou **kind se laaste skoolrapport** saamneem. Indien jou kind nie skool bywoon nie, kan jy steeds vir die toelaag aansoek doen. Jy behoort ook bygestaan te word deur 'n maatskaplike werker.

SASSA het wetlik **drie maande** vanaf die datum van aansoek om te begin om die toelaag te betaal wanneer die toelaag goedgekeur is.

Jy kan ook vir 'n toelaag aansoek doen by jou **naaste SASSA-kantoor** – jy hoef nie enigiets te betaal om aansoek te doen nie.

Jy hoef nie enige skoolfondse te betaal indien jou kind die Kinder Ondersteuningstoelaag ontvang nie.

Indien jou huishouding behoeftig is, kan jy vir **hulpbehoewende status** aansoek doen by jou Plaaslike Munisipaliteit – dit kan jou help met die koste van jou water, elektrisiteit en eiendomsbelasting.

Jy mag dalk geregtig wees om 'n **kindertoelaag** te ontvang van die biologiese ouers of ouer van die kind. Jy moet dit verkry dmv 'n hofbevel.

B L A C K S A S H
MAKING HUMAN RIGHTS REAL

“Elkeen het die reg tot sosiale sekuriteit, insluitend indien hul nie instaat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie, naamlik gepaste sosiale bystand. Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref, binne hul beskikbare maatreëls om die progressiewe realisering van elk van die regte te verkry.” - **Afdeling 27 van die Suid-Afrikaanse Grondwet**

“Elkeen het die reg tot administratiewe aksie wat regmatig, redelik en proseduraal regverdig is ... en elkeen wie se regte nadelig deur administratiewe aksie beïnvloed is het die reg om geskrewe redes te ontvang.”
– **Afdeling 33 van die Suid-Afrikaanse Grondwet**

WETLIKE ONTKENNING: Hoewel elke poging aangewend is om te verseker dat die inligting wat hier gepubliseer is, korrek is, aanvaar die Black Sash geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag voortspruit uit die vertrouwe of gebruik van hierdie inligting nie. Die inhoud konstitueer nie regsadvies nie. Hierdie feitestaat is laas in **October 2018** opdateer.

Vir enige navrae oor
toelaes skakel die SASSA-
hulplyn nommer :

0800 601 011

Kontak die **Black Sash**
HULPLYN vir **GRATIS**
pararegsadvies -en
ondersteuning:



072-66 33 739
help@blacksash.org.za

Kinder
Ondersteuningstoelaag



B L A C K S A S H
MAKING HUMAN RIGHTS REAL